2. Die Ooreenkoms is ook van toepassing op enige identiese of substansieel soortgelyke belastings, insluitende belastings op dividende, wat gehê word ingevolge die federale wet van Australië of deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika ingevolge sy landsreg na die datum van ondertekening van die Ooreenkoms benewens, of in plaas van die bestaande belastings. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar verwittig van enige beduidende veranderinge wat in die wet van hulle onderskeie State gemaak is betreffende die belastings waarop die Ooreenkoms van toepassing is, binne 'n redelike tydperk na daardie veranderinge.

3. Vir die doel van Artikel 23A, is die belastings waarop die Ooreenkoms van toepassing sal wees, belastings van elke soort en beskrywing opgelê namens die Kontrakterende State, of hulle politieke onderverdelings of plaaslike owerhede.

4. Vir die doeleindes van Artikels 25 en 25A, is die belastings waarop die Ooreenkoms van toepassing sal wees, die volgende:

- (a) in die geval van Australië, belastings van elke soort en beskrywing opgelê ingevolge die federale belastingwette wat geadministreer word deur die Kommissaris van Belasting; en
- (b) in die geval van Suid-Afrika, belastings van elke soort en beskrywing opgelê ingevolge die belastingwette wat deur die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Belastingdiens geadministreer word."

ARTIKEL 2

Artikel 3 van die Ooreenkoms word gewysig deur:

- (a) na subparagraaf (i) van paragraaf 1 die volgende in te voeg:
 - "(j) die uitdrukking "burger", met betrekking tot 'n Kontrakterende Staat, beteken:
 - (i) 'n individu wat oor die nasionaliteit of burgerskap van daardie Kontrakterende Staat beskik; en
 - (ii) 'n maatskappy wat sy status as sodanig ontleen aan die wette wat in daardie Kontrakterende Staat van krag is;" en
- (b) subparagraawe (j) en (k) van paragraaf 1 as (k) en (l) onderskeidelik te hernommer.

ARTIKEL 3

Artikel 4 van die Ooreenkoms word deur die volgende vervang:

"Artikel 4

Inwoner

1. Vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms beteken die uitdrukking "inwoner van 'n Kontrakterende Staat" 'n persoon wat 'n inwoner van daardie Staat is vir die doeleindes van die belasting daarvan. Die Regering van 'n Kontrakterende Staat of 'n politieke onderverdeling of plaaslike owerheid van daardie Staat, is ook 'n inwoner van daardie Staat vir die doeleindes van die Ooreenkoms.

2. 'n Persoon is nie 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat vir die doeleindes van die Ooreenkoms nie indien die persoon belastingpligtig is in daardie Staat slegs ten opsigte van inkomste uit bronne in daardie Staat.

3. Waar, uit hoofde van die voorafgaande bepalings van hierdie Artikel, 'n persoon, synde 'n individu, 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, word die persoon se status soos volg bepaal:

- (a) die individu word geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarin 'n permanente tuiste beskikbaar is vir daardie individu; maar indien 'n permanente tuiste beskikbaar is in albei State, of in nie een van hulle nie, word daardie individu geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat met wie die individu se persoonlike en ekonomiese betrekking nouer is (sentrum van wesenlike belange);
- (b) indien die Staat waarin die sentrum van wesenlike belange geleë is, nie bepaal kan word nie, word die individu geag 'n inwoner te wees van die Staat waarin daardie individu 'n burger is;
- (c) indien die individu 'n burger is van beide State of van nie een van hulle nie, moet die bevoegde owerhede van die Kontrakterende state 'n poging aanwend om die kwessie deur onderlinge ooreenkoms op te los.

4. Waar as gevolg van die bepalings van paragraaf 1 'n ander persoon as 'n individu 'n inwoner is van beide Kontrakterende State, dan word dit geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is.

5. Waar ingevolge die Ooreenkoms inkomste of winste of profyt vrygestel is van belasting in 'n Kontrakterende Staat en, ingevolge die wet wat in die ander Kontrakterende Staat van krag is, 'n individu ten opsigte van sodanige inkomste of winste vrygestel is van belasting uit hoofde daarvan dat hy of sy 'n tydelike inwoner van die ander Staat is binne die betekenis van die toepaslike wette van daardie ander Staat, dan is die verligting wat ingevolge die Ooreenkoms toegestaan is in die eersgenoemde Staat, nie van toepassing nie in die mate dat sodanige inkomste of wins vrygestel is van belasting in die ander Staat.”.

ARTIKEL 4

Artikel 5 van die Ooreenkoms word deur die volgende vervang:

“Artikel 5

Permanente Saak

1. By die toepassing van hierdie Ooreenkoms, beteken die uitdrukking “permanente saak” 'n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van die onderneming geheel en al of gedeeltelik gedryf word.

2. Die uitdrukking “permanente saak” sluit in:

- (a) 'n plek van bestuur;
- (b) 'n tak;
- (c) 'n kantoor;
- (d) 'n fabriek;
- (e) 'n werkwinkel;
- (f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek wat betrekking het op die eksplorasië na of ontginning van natuurlike hulpbronne; en
- (g) eiendom wat landbou, veeboerdery of bosbou behels.

3. 'n Bouterrein of konstruksie- of installasieprojek wat 'n permanente saak uitmaak slegs as dit meer as ses maande duur.

4. Ondanks die bepalings van paragrawe 1, 2 en 3, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat:

- (a) toesighoudende of raadplegende werksaamhede verrig in die ander Staat vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam 183 dae oorskry in 'n 12 maande-tydperk in verband met 'n bouterrein of konstruksie- of installasieprojek wat onderneem word in daardie ander Staat;
- (b) bedrywighede voortsit (insluitende die werking van toerusting van belang) in die eksplorasië vir of ontginning van natuurlike hulpbronne geleë in die ander Staat vir 'n tydperk of tydperke wat meer is as altesaam 90 dae in 'n 12 maande-tydperk ;
- (c) toerusting van belang werk in die ander Staat (insluitende soos bepaal in subparagraaf (b)) vir 'n tydperk of tydperke van langer as 183 dae in 'n 12 maande-tydperk

word sodanige bedrywighede geag voorgesit te gewees het deur 'n permanente saak wat die onderneming in daardie ander Staat het, tensy die bedrywighede beperk is tot dié genoem in paragraaf 6 en, met betrekking tot die onderneming, van 'n voorlopige of bykomstige aard is.

- 5.
- (a) Die duur van bedrywighede onder paragrawe 3 en 4 sal bepaal word deur die tydperke waartydens die bedrywighede voortgesit word in 'n Kontrakterende Staat deur geassosieerde ondernemings mits die bedrywighede van die onderneming in daardie Staat verband hou met die bedrywighede in daardie Staat deur sy assosiaat voortgesit.
 - (b) Die tydperk waartydens twee of meer geassosieerde ondernemings mededingende bedrywighede voortsit, sal slegs eenmaal getel word vir die doel van die bepaling van die duur van bedrywighede.
 - (c) Ingevolge hierdie Artikel word 'n onderneming geag geassosieerd te wees met 'n ander onderneming indien:
 - (i) een direk of indirek deur die ander beheer word; of
 - (ii) albei direk of indirek deur dieselfde persoon of persone beheer word.

6. Ondanks voorafgaande bepalings van hierdie Artikel word die uitdrukking "permanente saak" geag nie die volgende in te sluit nie:

- (a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik vir die doel van berging, uitstal of ongereelde aflewering van goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort;
- (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik vir die doel van berging, uitstalling of ongereelde aflewering;
- (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort uitsluitlik vir die doel van prosessering deur 'n ander onderneming;

- (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir die doel om, goedere of handelsware aan te koop, of om inligting in te win, vir die onderneming;
- (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir die doel van die dryf, vir die onderneming, van enige ander bedrywigheid van 'n voorlopige of bykomstige aard;
- (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir 'n kombinasie van bedrywighede genoem in subparagrafe (a) tot (e) van hierdie paragraaf,

met dien verstande dat sodanige bedrywighede, met betrekking tot die onderneming, 'n voorlopige of bykomstige aard het.

7. Ondanks die bepalings van paragrafe 1 en 2, waar 'n ander persoon as 'n agent van 'n onafhanklike status op wie paragraaf 8 van toepassing is – namens 'n onderneming optree en:

- (a) in 'n Kontrakterende Staat magtiging het, en dit gereeld uitoefen, om wesenlik oor kontrakte te onderhandel of te sluit namens die onderneming; of
- (b) in 'n Kontrakterende Staat vir die onderneming goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, vervaardig of prosesseeer,

sal daardie onderneming geag word 'n permanente saak te hê in daardie Staat ten opsigte van enige aktiwiteite wat daardie persoon onderneem vir daardie onderneming, tensy die werksaamhede van sodanige persoon beperk is tot dié genoem in paragraaf 6 en, met betrekking tot die onderneming, van 'n voorlopige of bykomstige aard is.

8. 'n Onderneming word nie geag 'n permanente saak te hê in 'n Kontrakterende Staat bloot omdat dit sake dryf in daardie Staat deur 'n persoon wat 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met 'n onafhanklike status is nie, mits sodanige persone in die gewone loop van 'n persoon se besigheid as sodanige makelaar of agent optree.

9. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat besigheid dryf in daardie ander Staat (hetsy deur 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

10. Die beginsels in voorgaande paragrafe van hierdie Artikel uiteengesit, moet toegepas word by die bepaling, vir doeleindes van paragraaf 7 van Artikel 11 en paragraaf 5 van Artikel 12, of daar 'n permanente saak buite albei Kontrakterende State is, en of 'n onderneming, wat nie 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is nie, 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat het.”.

ARTIKEL 5

Artikel 10 van die Ooreenkoms word deur die volgende vervang:

“Artikel 10***Dividende***

1. Dividende betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is vir doeleindes van sy belasting, synde dividende wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat voordelig besit, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Daardie dividende mag egter ook in die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is vir doeleindes van sy belasting, en ooreenkomstig die wet van daardie Staat, belas word, maar die belasting aldus gehef mag nie die volgende oorskry nie:

- (a) 5 persent van die bruto bedrag van die dividende indien die voordelige eienaar van daardie dividende 'n maatskappy is wat direk minstens 10 persent van die stemkrag hou in die maatskappy wat die dividende betaal;
- (b) 15 persent van die bruto bedrag van die dividende in alle ander gevalle.

3. Die uitdrukking "dividende" soos in hierdie Artikel gebesig, beteken inkomste uit aandele of ander regte, wat nie skuldeise is nie, maar deelname aan winste is, sowel as ander aandele wat aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste uit aandele onderwerp word deur die wet van die Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen 'n inwoner is vir die doeleindes van sy belasting.

4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die dividende, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, besigheid dryf in die ander Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal, 'n inwoner is deur 'n permanente saak geleë in daardie ander Staat, of in daardie ander Staat onafhanklike persoonlike dienste lewer vanaf 'n vaste basis geleë in daardie ander Staat, en die besit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, is doeltreffend verbind met daardie permanente saak of vaste basis. In so 'n geval is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.

5. Waar 'n maatskappy wat 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat, winste of inkomste ontvang van die ander Kontrakterende Staat, mag daardie ander Staat geen belasting hef op die dividende betaal deur die maatskappy – synde dividende voordelig besit deur 'n persoon wat nie 'n inwoner is van die ander Kontrakterende Staat nie – behalwe vir sover die besit ten opsigte waarvan sodanige dividende betaal word, effektief gekoppel word met 'n permanente saak of 'n vaste basis geleë in daardie ander Staat nog die maatskappy se onuitgekeerde winste onderwerp aan 'n belasting op die maatskappy se onuitgekeerde winste, selfs as die dividende wat betaal is of die onuitgekeerde winste geheel en al of gedeeltelik bestaan uit winste of inkomste wat in daardie ander Staat ontstaan. Hierdie paragraaf is nie van toepassing nie op dividende wat 'n maatskappy betaal wat 'n inwoner van Australië is vir die doel van Australiese belasting en wat ook 'n inwoner van Suid-Afrika is vir die doel van Suid-Afrikaanse belasting.

6. Ondanks enige ander bepalings van die Ooreenkoms, waar 'n maatskappy wat 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat, 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat het, kan daardie ander Staat die winste belas wat toeskryfbaar is aan die permanente saak teen 'n koers wat nie met meer as 5 persentasiepunte oorskry nie:

- (a) in die geval van Australië, die koers van inkomstebelasting betaalbaar op die winste van 'n maatskappy wat 'n inwoner is van Australië: en
- (b) in die geval van Suid-Afrika, die koers van normale belasting betaalbaar op die winste van 'n maatskappy wat 'n inwoner is van Suid-Afrika.

7. Geen verligting sal beskikbaar wees ingevolge hierdie Artikel nie, indien dit die hoofdoel of een van die hoofdoeleindes was van 'n persoon betrokke by die toewysing van hierdie dividende, of die skepping of toewysing van die aandele of ander regte ten opsigte waarvan die dividend betaal word, om munt te slaan uit hierdie Artikel deur middel van daardie skepping of toewysing.”.

ARTIKEL 6

Artikel 11 van die Ooreenkoms word deur die volgende vervang:

“Artikel 11

Rente

1. Rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat voordelig besit word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Daardie rente kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die wet van daardie Staat belas word, maar die belasting aldus gehef, mag nie 10 persent van die bruto bedrag van die rente oorskry nie.

3. Ondanks paragraaf 2, mag rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat voordelig besit word, nie in eersgenoemde Staat belas word nie indien:

- (a) die rente afkomstig is van 'n Kontrakterende Staat of deur ' politieke of administratiewe onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, of deur enige ander liggaam wat regeringsfunksies uitoefen in 'n Kontrakterende Staat, of deur 'n bank wat sentrale bankfunksies uitoefen in 'n Kontrakterende Staat; of
- (b) die rente afkomstig is van 'n finansiële instelling wat geen verbintenis het met die betaler nie en geheel en al onafhanklik met die betaler handel . Vir die doeleindes van hierdie Artikel, beteken die uitdrukking “finansiële instelling” 'n bank of ander onderneming wat grootliks sy winste verkry deur skuldfinansiering in die finansiële markte of deur deposito's teen rente te neem en sodanige fondse te gebruik vir die betaling van 'n besigheid wat finansies verskaf.

4. Ondanks paragraaf 3, kan rente bedoel in subparagraaf (b) van daardie paragraaf in die Staat waarin dit ontstaan, belas word teen 'n koers van hoogstens 10 persent van die bruto bedrag van die rente indien die rente betaal word as deel van 'n reëling waarby rug-aan-rug-lenings betrokke is of ander reëlings wat ekonomies ekwivalent is en bedoel is om dieselfde uitwerking te hê as rug-aan-rug-lenings.

5. Die uitdrukking "rente" in hierdie Artikel omvat rente van staatseffekte of van obligasies of van skuldbriewe, hetsy deur verband gesekureer of nie, en hetsy dit 'n reg dra om deel te hê aan winste, rente van enige ander vorm van verskuldigheid of nie, sowel as inkomste wat onderworpe is aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste van geld geleen deur die wet van die Kontrakterende Staat waarin die inkomste ontstaan.

6. Die bepalings van paragrawe 1 en 2, subparagraaf (b) van paragraaf 3 en paragraaf 4 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, besigheid bedryf in die ander Staat, of in daardie ander Staat persoonlike dienste verrig vanaf 'n vaste basis geleë in daardie ander Staat, en die verskuldigheid ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief gekoppel is met daardie permanente instelling of vaste basis. In sodanige geval sal die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing wees.

7. Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan het as die betaler 'n inwoner van daardie Staat is vir die doeleindes van sy belasting. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy die persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, of nie, in die Kontrakterende Staat of buite albei Kontrakterende State 'n permanente instelling of 'n vaste basis het in verband waarmee die verskuldigheid waarop die rente betaal word aangegaan is en dat die rente wat deur daardie permanente instelling of vaste basis gedra word, dan sal die rente geag word in die Staat waarin die permanente instelling of vaste basis geleë is, te ontstaan het.

8. Waar daar as gevolg van 'n spesiale verhouding tussen die betaler en die voordelige eienaar van die rente, of tussen beide van hulle en 'n ander persoon, die bedrag van die rente betaal, met betrekking tot die verskuldigheid waarvoor dit betaal word, die bedrag oorskry waaroor redelikerwys verwag is ooreen gekom is deur die betaler en die persoon aldus daarop geregtig in die afwesigheid van daardie verhouding, is die bepalings van hierdie Artikel slegs van toepassing op laasgenoemde bedrag. In so 'n geval bly die oorblywende deel van die bedrag rente betaal, belasbaar volgens die wet van elke Kontrakterende Staat, na deeglike oorweging van die ander bepalings van hierdie Ooreenkoms

9. Geen verligting is beskikbaar ingevolge hierdie Artikel nie, as dit die hoofdoel of van een van die hoofdoeleindes was van 'n persoon betrokke by die toewysing van die rente, of die skepping of toewysing van die verskuldigheid ten opsigte waarvan die rente betaal word, om voordeel te trek uit hierdie Artikel deur middel van daardie skepping of toewysing."

ARTIKEL 7

Artikel 12 van die Ooreenkoms word deur die volgende vervang:

"Artikel 12

Tantièmes

1. Tantièmes wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en voordelig besit word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat kan in daardie Staat belas word.

2. Die tantièmes kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarin hulle ontstaan, en volgens die wet van daardie Staat, maar die belasting aldus gehef mag nie 5 persent van die bruto bedrag van die tantièmes oorskry nie.

3. Die uitdrukking "tantièmes" in hierdie Artikel beteken betalings of krediete, hetsy periodiek al dan nie, en alhoewel beskryf of bereken, tot die mate waarin hulle gemaak word as teenprestasie vir:

- (a) die gebruik van, of die reg om 'n kopiereg, patent, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, handelsmerk of ander soortgelyke eiendom of reg;
- (b) die verskaffing van wetenskaplike, tegniese, nywerheids- of handelskennis of –inligting;
- (c) die verskaffing van enige bystand wat bykomend is by en aanvullend is tot, en wat verskaf word as 'n wyse om die toepassing of genot van, enige sodanige eiendom of reg soos gemeld in subparagraaf (a) gemeld of enige sodanige kennis of inligting soos in subparagraaf (b) gemeld, moontlik te maak;
- (d) die gebruik van of die reg op die gebruik van
 - (i) rolprentfilms;
 - (ii) films of audio- of videobande of -skywe, of enige wyse van beeld- of klankreproduksie of –oorsending vir gebruik in verband met televisie-, radio- of ander uitsending;
- (e) die gebruik van, of die reg op die gebruik van 'n deel van of die hele deel van die radiofrekwensiespektrum soos gespesifiseer in 'n spektrumlisensie van 'n Kontrakterende Staat, waar die betaling of krediet in daardie Staat ontstaan; of
- (f) totale of gedeeltelike weerhouding ten opsigte van die gebruik of lewering van enige eiendom of reg waarna in hierdie paragraaf verwys word.

4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die persoon wat voordelig geregtig is op die tantièmes, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantièmes ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat in daardie ander Staat geleë is, of in daardie ander Staat onafhanklike persoonlike dienste verrig vanaf 'n vaste basis wat in daardie ander Staat geleë is, en die eiendom of reg ten opsigte waarvan die tantièmes betaal of gekrediteer word, effektief verbonde is met daardie permanente saak of vaste basis. In daardie geval is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.

5. Tantièmes word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is vir doeleindes van sy belasting. Waar die persoon wat die tantièmes betaal, hetsy hy 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat of buite beide Kontrakterende State 'n permanente saak of vaste basis het in verband waarmee die verpligting om die tantièmes te betaal aangegaan is, en die tantièmes deur die permanente saak of vaste basis gedra word, dan word die tantièmes geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak of vaste basis geleë is.

6. Waar vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die persoon wat voordelig geregig is op die tantièmes, of tussen albei van hulle en 'n ander persoon, die bedrag van die tantièmes betaal of gekrediteer, met inagneming van waarvoor hulle betaal of gekrediteer word, die bedrag oorskry wat rekelikerwys verwag kon gewees het tussen die betaler en die persoon aldus daarop geregig by ontstentenis van sodanige verband ooreengekom sou gewees het, is die bepaling van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In daardie geval bly die oormatige deel van die bedrag van die tantièmes betaal of gekrediteer ooreenkomstig die wet van elk van die Kontrakterende State belasbaar, met behoorlike inagneming van die ander bepaling van hierdie Ooreenkoms.

7. Geen verligting is beskikbaar ingevolge hierdie Artikel nie indien dit die hoofdoeleinde of een van die hoofdoeleindes van 'n persoon gemoeid met met die toewysing van die tantièmes, of die skepping of toewysing van die regte ten opsigte waarvan die tantièmes betaal of gekrediteer word, om munt te slaan uit daardie skepping of toewysing.”.

ARTIKEL 8

Artikel 13 van die Ooreenkoms word deur die volgende vervang:

“Artikel 13

Vervreemding van Eiendom

1. Inkomste, winste of profyte verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van onroerende eiendom gemeld in Artikel 6 en wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Inkomste, winste of profyte uit die vervreemding van eiendom, behalwe onroerende eiendom, wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het of wat betrekking het op 'n vaste basis wat in daardie ander Staat vir 'n inwoner van eersgemelde Staat beskikbaar is met die doel om onafhanklike persoonlike dienste te verrig, met inbegrip van inkomste, winste of profyte uit die vervreemding van daardie permanente saak (alleen of tesame met die onderneming in sy geheel) of van daardie vaste basis, kan in daardie ander Staat belas word.

3. Inkomste, winste of profyte van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van skepe of vliegtuie wat deur daardie onderneming in internasionale verkeer bedryf word, of van eiendom (behalwe roerende eiendom) wat betrekking het op die bedryf van daardie skepe of vliegtuie, is slegs in daardie Staat belasbaar.

4. Inkomste, winste of profyte verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van enige aandele of ander belange in 'n maatskappy, wat hulle waarde direk of indirek verkry uit roerende eiendom geleë in die ander Kontrakterende Staat kan in daardie ander Staat belas word.

5. Winste van 'n kapitale aard uit die vervreemding van ander eiendom as dié gemeld in die voorafgaande paragrafe, is belasbaar slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is.”.

ARTIKEL 9

Die volgende Artikel word ingevoeg na Artikel 23 van die Ooreenkoms:

“Artikel 23A***Nie-diskriminasie***

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat is nie in die ander Kontrakterende Staat onderworpe aan enige belasting of enige vereiste wat daarmee verband hou nie, wat anders is of swaarder is as die belasting en verbandhoudende vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat in dieselfde omstandighede, veral met betrekking tot woning, onderworpe is of aan onderwerp kan word. Hierdie bepaling is ondanks die bepalings van Artikel 1, ook van toepassing op persone wat nie inwoners van een of albei die Kontrakterende State is nie.

2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie minder gunstig gehef in daardie ander Staat as die belasting gehef op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede bedryf in soortgelyke omstandighede nie. Hierdie bepaling word nie so vertolk as sou dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan individue wat nie inwoners van die ander Kontrakterende Staat is nie, persoonlike toelaes, verligting en verlagings vir belastingdoeleindes soos toegestaan aan sy eie inwoners, toe te staan nie.

3. Buiten waar die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 9, paragraaf 8 van Artikel 11 of paragraaf 6 van Artikel 12 van toepassing is, is rente, tantièmes en ander uitbetalings betaal deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, vir die doeleinde van die bepaling van belasbare winste van sodanige onderneming, aftrekbaar onder dieselfde omstandighede asof hulle betaal is aan 'n inwoner van eersgenoemde Staat.

4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat, waarvan die kapitaal geheel en al of gedeeltelik besit of beheer word, direk of indirek, deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, mag nie in eersgenoemde Staat onderworpe wees aan belasting of vereistes wat daarmee verband hou wat anders of swaarder is as die belasting en verbandhoudende vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van eersgenoemde Staat in soortgelyke omstandighede onderwerp is of aan onderwerp kan word.

5. Hierdie Artikel is nie van toepassing nie op enige bepaling van die wette van 'n Kontrakterende Staat wat:

- (a) ontwerp is om die vermyding of ontduiking van belastings te voorkom;
- (b) nie die uitstel van belasting toelaat wat ontstaan by die oordrag van 'n bate waar die daaropvolgende oordrag deur die oordraer buite die belastingjurisdiksie val van die Kontrakterende Staat ingevolge sy wette;
- (c) voorsiening maak vir die konsolidasie van groepentiteite vir behandeling as 'n enkele entiteit vir belastingdoeleindes nie mits 'n maatskappy, synde 'n inwoner van daardie Staat, waarvan die kapitaal wat geheel en al of gedeeltelik, direk of indirek, besit of beheer word deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, toegang kan kry tot sodanige konsolidasiebehandeling op dieselfde bedinge en voorwaardes as ander maatskappye wat inwoners van die eersgenoemde Staat is;

- (d) nie belastingkortings of krediete toelaat met betrekking tot dividende betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van daardie Staat vir doeleindes van sy belasting is nie;
- (e) aftrekkings verskaf vir belastingbetalers wat daarop geregtig is vir uitgawe op navorsing en ontwikkeling; of
- (f) andersins ingestem het om nie deur hierdie Artikel geraak te word nie, in 'n Notawisseling tussen die Kontrakterende State.

6. In hierdie Artikel, sluit bepalings van die wette van 'n Kontrakterende Staat wat ontwerp is om die vermyding of ontduiking van belastings te voorkom, in:

- (a) maatreëls ontwerp om min kapitalisering, dividendstropping en oordragprysbepaling aan te pak;
- (b) reëls vir beheerde buitelandse maatskappye, oordraertrusts en buitelandse beleggingsfondse; en
- (c) maatreëls ontwerp om te verseker dat belastings doeltreffend ingevorder en verhaal word, insluitende bewarings-maatreëls.”.

ARTIKEL 10

Artikel 25 van die Ooreenkoms word deur die volgende Artikel vervang:

“Artikel 25

Uitruil van inligting

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State ruil sodanige inligting uit as wat voorsienbaar tersaaklik is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms of vir die administrasie of toepassing van die landswet betreffende belastings bedoel in Artikel 2, vir sover die belasting daaringevolge nie strydig met die Ooreenkoms is nie. Die uitruil van inligting word nie deur Artikel 1 beperk nie.

2. Enige inligting ingevolge Artikel 1 deur 'n Kontrakterende Staat ontvang, word as geheim behandel op dieselfde wyse as inligting wat ingevolge die landsreg van daardie Staat verkry word en word openbaar gemaak slegs aan persone of owerhede (met inbegrip van hulle en administratiewe liggame) betrokke by die aanslaan of invordering van, die afdwing of vervolging met betrekking tot, of die beslissing van appèlle in verband met, die belastings bedoel in paragraaf 4 van Artikel 2, of die versuim van bogenoemde. Daardie persone of owerhede mag die inligting slegs vir daardie doeleindes gebruik. Hulle kan die inligting by openbare hofverrigtinge of by regterlike beslissings gebruik.

3. In geen geval word die bepalings van paragraaf 1 uitgelê nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting opleë om:

- (a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette of die administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat;
- (b) inligting te verstrek wat nie kragtens die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;

- (c) inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, nywerheids-, kommersiële of professionele geheim of handelsproses sou openbaar, of inligting te verstrek waarvan die openbaarmaking strydig met openbare beleid sou wees.

4. Indien inligting verlang word deur 'n Kontrakterende Staat in ooreenstemming met hierdie Artikel, moet die ander Kontrakterende Staat sy inligtingsinwinmaatreëls gebruik om die verlangde inligting te verkry, selfs as die ander Staat nie sodanige inligting vir sy eie belastingdoeleindes nodig het nie. Die verpligting vervat in die voorafgaande sin is onderworpe aan die beperkings van paragraaf 3, maar in geen geval mag sodanige beperkings vertolk word asof dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om inligting te weier bloot omdat dit binnelands geen belang in sodanige inligting het nie.

5. In geen geval mag die bepalinge van paragraaf 3 vertolk word om 'n Kontrakterende Staat toe te laat om te weier om sodanige inligting te verskaf bloot omdat die inligting gehou word deur 'n bank, ander finansiële instelling, genomineerde of persoon wat optree in 'n agentskap of 'n fidusiële kapasiteit of omdat die verband hou met eienaarskapsbelange in 'n persoon.”.

ARTIKEL 11

Voeg die volgende Artikel in na Artikel 25 van die Ooreenkoms:

“Artikel 25A

Bystand met Belastinginvordering

1. Die Kontrakterende State moet aan mekaar hulp verleen met die invordering van inkomste-eise. Hierdie bystand word nie beperk deur Artikel 1 nie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan deur onderlinge ooreenkoms die wyse van toepassing van hierdie Artikel reël.

2. Die uitdrukking “inkomste-eis” soos gebruik in hierdie Artikel beteken 'n bedrag geskuld ten opsigte van belastinge bedoel in Artikel 2, sover as wat die belasting daaringevolge nie strydig met hierdie Ooreenkoms is nie of met enige ander instrument waarby die Kontrakterende State partye is, sowel as rente, administratiewe strawwe en koste van invordering of bewaring wat met sodanige bedrag verband hou.

3. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat afdwingbaar is ingevolge die wette van daardie Staat en dit geskuld word deur 'n persoon wat, op daardie tydstip, ingevolge die wette van daardie Staat, nie die invordering daarvan kan voorkom nie, moet daardie inkomste-eis, op die versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat, aanvaar word vir die doeleindes van invordering deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie inkomste-eis moet ingevorderd word deur daardie ander Staat in ooreenstemming met die bepalinge van sy wette van toepassing op die afdwinging en invordering van sy eie belastinge asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat is.

4. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat 'n eis is ten opsigte waarvan daardie Staat, ingevolge sy wet, bewaringsmaatreëls kan tref om die invordering daarvan te verseker, moet daardie inkomste-eis op die versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat, aanvaar word vir doeleindes van die tref van bewaringsmaatreëls deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie ander Staat moet bewaringsmaatreëls tref ten opsigte van daardie inkomste-eis in ooreenstemming met die bepalings van sy wette asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis was van daardie ander Staat selfs as, ten tyde van die toepassing van sodanige maatreëls, die inkomste-eis nie afdwingbaar was in die eersgenoemde Staat nie, of geskuld word deur 'n persoon wat die reg het om die invordering daarvan te voorkom..

5. Ondanks die bepalings van paragrawe 3 en 4, mag 'n inkomste-eis aanvaar deur 'n Kontrakterende Staat vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4, in daardie Staat, nie onderwerp word aan die tydsbeperinge of enige voorkeur geniet nie wat van toepassing is op 'n inkomste-eis ingevolge die wette van daardie Staat vanweë sy aard as sodanig. Daarbewens mag 'n inkomste-eis wat aanvaar is deur 'n Kontrakterende Staat vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4, nie enige voorkeur van toepassing op daardie inkomste-eis hê ingevolge die wette van die ander Kontrakterende Staat nie.

6. Verrigtinge met betrekking tot die bestaan, geldigheid of die bedrag van 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat mag nie voor die howe of die administratiewe liggame van die ander Kontrakterende Staat gebring word nie.

7. Waar, te eniger tyd nadat 'n versoek deur 'n Kontrakterende Staat ingevolge paragraaf 3 of 4 gerig is en voordat die ander Kontrakterende Staat die tersaaklike inkomste-eis terugverwys het na eersgenoemde Staat, hou die tersaaklike inkomste-eis op om:

- (a) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 3, 'n inkomste-eis van die eersgenoemde Staat te wees wat afdwingbaar is ingevolge die wette van daardie Staat en verskuldig is deur 'n persoon wat op daardie tydstip ingevolge die wette van daardie Staat nie die invordering daarvan kan voorkom nie; of
- (b) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 4, om 'n inkomste-eis te wees van eersgenoemde Staat ten opsigte waarvan daardie Staat ingevolge sy wette maatreëls van bewaring kan tref om die invordering daarvan te verseker.

die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat moet dadelik die bevoegde owerheid van die ander Staat verwittig van die feit en, volgens die keuse van die ander Staat, moet eersgenoemde Staat sy versoek opskort of onttrek.

8. Onder geen omstandighede mag die bepalings van hierdie Artikel so vertolk word nie asof dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê:

- (a) om administratiewe maatreëls strydig met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat uit te voer;
- (b) om maatreëls wat teen openbare beleid is, uit te voer;
- (c) om bystand te verskaf indien die ander Kontrakterende Staat nie alle redelike maatreëls gevolg het van invordering of bewaring, na gelang van die geval, wat beskikbaar is ingevolge sy wette of administratiewe praktyk;
- (d) om bystand te verskaf in daardie gevalle waar die administratiewe las vir daardie Staat duidelik buite verhouding is tot die voordeel wat die ander Kontrakterende Staat sal trek;

- (e) om bystand te verleen indien daardie Staat van mening is dat die belastings ten opsigte waarvan die bystand versoek word, gehef word teen die algemeen aanvaarde belastingsbeginsels.”.

ARTIKEL 12

Skrap paragraaf 1 van die bestaande Protokol van die Ooreenkoms.

ARTIKEL 13

1. Die Regering van Australië en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika moet mekaar skriftelik deur die diplomatieke kanaal verwittig van die voltooiing van hulle land se vereistes vir die inwerkingtreding van hierdie Protokol.

2. Die Protokol, wat 'n integrerende deel van die Ooreenkoms vorm, tree in werking op die datum van die laaste verwittiging, en daarna word die Protokol van krag:

- (a) in die geval van Australië:
 - (i) met betrekking tot die weerhouding van belasting op inkomste wat verkry is deur 'n nie-inwoner, ten opsigte van inkomste verkry op of na die eerste dag van die tweede maand wat volg op die datum waarop die Protokol in werking tree;
 - (ii) met betrekking tot ander Australiese belasting ten opsigte van inkomste, winste of profyte van enige inkomstejaar wat begin op of na 1 Julie in die kalenderjaar eersvolgende op die datum waarop die Protokol in werking tree;
- (b) in die geval van Suid-Afrika:
 - (i) met betrekking tot belastings wat by die bron weerhou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer vanaf die dag na die datum waarop die Protokol in werking tree;
 - (ii) met betrekking tot ander Suid-Afrikaanse belasting, ten opsigte van jare van beoordeling beginnende op of na 1 Januarie eersvolgende op die datum waarop die Protokol in werking tree;
- (c) vir die doeleindes van Artikel 25 vanaf die datum waarop die Protokol in werking tree; en
- (d) vir die doeleindes van Artikel 25A, vanaf 'n datum waarop ooreengekom sal word in 'n Notawisseling deur die diplomatieke kanaal.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, synde behoorlik daartoe gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, hierdie Protokol onderteken het.

GEDOEN, in tweevoud, te Pretoria, op hede die 31ste dag van Maart 2008.

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**NAMENS DIE REGERING
VAN AUSTRALIë**
